

## **VLAK 1: Reëlings vir die res van die akademiese jaar**

Beste student

Ons het sedert Maart vanjaar daarop gekonsentreer om ons akademiese bedrywighede te midde van die beperkings van die verskillende COVID-19-risikovolukke aan die gang te hou, om van die huis af te werk en te leer, en om ons selfs verder in die digitale wêreld te verdiep. Teen die aanvang van die tweede semester was dit duidelik dat die meeste personeellede en studente hulle voete in hierdie nuwe vorm van leer en onderrig gevind het. En nou is daar waarlik nog net ses weke oor voordat die eerste eksamen geleentheid in November begin.

Die begin van ons vierde kwartaal het saamgeval met die implementering van vlak 1 van die COVID-19-inperking. Ondanks die verdere verslapping in die regering se voorskrifte, maak die regulasies oor fisiese distansiëring en ander eksterne faktore dit egter besonder moeilik om groot getalle studente terug te bring kampus toe.

Praktiese werk, verpligte laboratoriumsessies en klein groepvergaderings het hervat waar dit veilig was binne die US se lokaalkapasiteit. Nogtans is dit nie prakties uitvoerbaar om op groot skaal met 'normale' klasse te begin nie, want selfs in 'n lokaal met plek vir 360 studente mag daar in hierdie stadium slegs 60 tot 80 studente vir 'n kontaklesing teenwoordig wees. Volgens ons berekeninge, en met inagneming van die regulasies oor fisiese distansiëring en lokaalkapasiteit, sou dit beteken dat 'n skrale 1 355 studente op enige bepaalde tydstip in die US se lokale sal kan eksamen skryf, terwyl tot soveel as 3 000 studente op sommige dae moet assesserings aflê.

Die US het teen die einde van die eerste semester onderneem dat sekere modules vir die res van die akademiese jaar 2020 aanlyn aangebied sal word. Een van die redes vir hierdie besluit was om studente wat ál hulle modules aanlyn sou kon voltooi die geleentheid te bied om hulle universiteits- of privaat huisvesting vir die res van die jaar te kanselleer. Ons het begrip daarvoor dat sommige studente om finansiële en/of logistieke redes nie vir hierdie laaste kwartaal na ons kampusse sal kan terugkeer nie.

### **Leerfasilitering en assesserings vir 2020 bly meestal aanlyn**

In die lig hiervan is die volgende besluite geneem:

- Noodafstandsonderrig en -leer sal tot en met die einde van die akademiese jaar die vernaamste onderrig- en leermetode bly. Akademiese departemente en ander entiteite sal studente steeds verskeie vorme van bykomende ondersteuning bied.
- Kontakklasse sal slegs voortgaan waar alle studente in die betrokke module die lesings kan bywoon, wat slegs in baie klein klasgroepe moontlik sal wees.
- Soos studente vroeër vanjaar in kennis gestel is, sal die meeste assesserings vir die res van 2020 ook steeds aanlyn geskied.
- Party jaareindassesserings, veral dié wat verpligte toesig vereis, is vir sekere eksamen dae geskeduleer en heel party lokale is vol bespreek om fisiese distansiëring moontlik te maak. Studente wat assesserings in eksamenlokale sal moet aflê, is reeds daarvan in kennis gestel.

## **Uitnodiging aan internasionale studente om terug te keer**

Internasionale reis mag ingevolge vlak 1-regulasies hervat (buiten vanaf die lande wat DIRCO geïdentifiseer het). Internasionale studente wat Suid-Afrika voor die inperking verlaat het, maar 'n fakulteitsuitnodiging ontvang het om ingevolge vlak 3-regulasies om akademiese redes terug te keer, sal nou 'n nuwe uitnodiging van die Registrateur ontvang. Daarbenewens moet internasionale studente wat wil terugkeer weens leerhindernisse tuis, sowel as studente van buurlande wat dalk wil terugkom vir toegang tot rekenaargebruikersareas of beter konnektiwiteit, by **ssgsupport@sun.ac.za** aansoek doen om vir 'n uitnodiging terug kampus toe oorweeg te word.

## **Tegnologie en konnektiwiteit**

Ons herinner alle studente daaraan om te sorg dat hulle tegnologiese toerusting en konnektiwiteit vir die res van die akademiese jaar beskikbaar bly, en om so ver moontlik vir beurtkrag voorsiening te maak. Studente sal weer gevra word om hulle selfoonnommers te bevestig om vir verdere datapakkette in aanmerking te kom.

Na etlike maande van onsekerheid en voortdurende verandering is die doelwit nou om, so ver dit binne ons beheer is, 'n stabielere omgewing vir ons studente te skep hier in die pylvak van ons akademiese jaar 2020. Die **COVID-19-webblad** bly 'n belangrike bron van inligting. Maak gerus gebruik van die verskillende **steundienste** tot jou beskikking.

Ek wens jou alle sterkte toe vir die laaste kwartaal.

Prof Arnold Schoonwinkel  
Viserektor: Leer en Onderrig